3 **September** **Skrifgedeelte: Matteus 10:26-31**

FOKUSGEDEELTE: NGB, ART 12

**Die diensbaarheid van die skepping**

In ons worsteling om tot God se eer te lewe, bring Artikel 12 ryke troos. Ek en jy voer nie ’n alleenstryd nie. Al die engele staan diensklaar gereed om God se uitverkorenes te dien. Verder word in een van die stukkies kosbare goud van die NGB bely dat alles in die skepping daar is “om die mens te dien, SODAT die mens sy God kan dien …”

Hierdie woorde het geweldige implikasies vir hoe ons na die wêreld om ons kyk. Dink daaraan: elke stoffie, elke diertjie, elke grassie, elke plant, elke boom, ja álles is nie maar net daar nie, hulle wil jou help om God beter te dien! Waarlik, ons gaan blind deur die lewe, terwyl ons deur miljoene onontdekte, aanskoulike preke omring word!

Neem die mossie! God gebruik hierdie onaansienlike, oënskynlik nuttelose voëltjie om ons te leer om nie te vrees nie. Hy floreer naby sy grootste vyand, die mens. Die geboue wat die mens oprig is sy huis; die water wat die mens aanlê is sy drinkplek; die krummeltjies van die tafel is sy kos. Dag vir dag preek die mossie sy eenvoudige preek met woord en daad: “Ek val nie op die grond sonder die wil van die Vader nie.” Van die dak van elke huis roep hy dit uit van vroegdag tot skemer, terwyl die mens onder die dak in sy doofheid bly sidder van kommer oor die dag van môre, oor bankbalanse, oor teenstand en probleme.

Dit het tyd geword om weer ’n slag met ’n oop Bybel in die kerk van die natuur te gaan sit en goed te luister wat Dominee Grashalm (Ps 104:15-16), Diaken Mier (Spr 6:6-11) en Ouderling Rotsberg (Ps 125) aan ons wil sê.

*DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)*

~~~~~~~~~~~~~~~~
~~~~~~~~~~~~~~~~